

25 JULIE 2021



# TORINGKERK

*nuus*

KOM TUIS IN JOU  
HUIS, DIE KERK

## 'N TRADISIONELE XHOSA GEBED

LIED OOK GESING DEUR DRAKENSBERG BOYS CHOIR

"Ndikhokhele Bawo, Ndikhokhele Mmeli  
wami...ezintsizini zalo Mhlaba"

"Lead me oh dear Father, Lead me my Saviour  
through the hardships of this World."



## WYNVEILING + WYNPROE

Ons beplan steeds om ons wynveiling en wynproe op 27 Augustus te hou. Ons wil graag die vrymoedigheid neem om te vra vir skenkings van wyn wat ons kan opveil.

Versamelwyn, drinkwyn, rooiwyn, witwyn, en enige bottel wat jy kan afstaan.

***Kontak gerus vir Gert van Schalkwyk (0836299267).***

Ons sien uit om van jou te hoor. Baie Dankie

## REGISTREER VIR JOU INENTING!

Hoe kan jy registreer vir jou inenting?

1. Besoek die volgende **webtuiste**:  
<https://vaccine.enroll.health.gov.za>
2. **Bel** die volgende nommer:  
\*134\*832\*IDnommer#
3. Stuur die woord "REGISTER" na die volgende nommer op **Whatsapp**:  
060 012 3456

***Kontak gerus enige van die Toringkerk-span, indien jy hulp hiermee benodig.***



## GRIEFSHARE

Ons het drie weke terug begin met 'n nuwe kursus van GriefShare.

GriefShare is 'n kursus om persone te begelei in die reis tot genesing na die verlies van 'n geliefde. Die program trap deur onderwerpe van vertroosting, moeilike vrae en die ontdekking van nuwe hoop en geloof. Ons glo dat ons deel vorm van die liggaam van Christus en dat dit nie so bedoel is om alleen deur 'n rouproses te gaan nie.

Dinsdae | 6:30 - 8:30 | Zoom

***Kontak gerus vir Jana indien jy graag wil inskakel. Almal welkom.***







## GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir die **Ayanke en die Stander-familie**.
- Ons is dankbaar vir talle mense wat **herstel** het van Covid 19. Prys die Here!
- Ons bid vir ons **land** vir bewaring, kalmte en vrede, te midde onseker tye.
- Ons bid vir **Neels Visser** en sy gesin vir herstel en gesondheid.
- Ons bid vir **Riana Lausberg en haar gesin**, met die afsterwe van haar pa. Ons dink aan julle in hierdie tyd.
- Ons bid vir **Marleze Goosen en haar gesin** vir herstel en gesondheid.
- Ons bid vir **Anthony Groves en gesin met die afsterwe van Oom Smiley (Lesley) Groves**. Ons dink aan julle in hierdie tyd.
- Ons bid vir **Amanda du Toit** en haar gesin vir herstel en gesondheid.

*Laat weet asb die kantoor van enige gebedsversoeke of siekte besoeke. Ons wil graag by jou uitkom en is nie altyd bewus as iemand deur 'n moeilike tyd gaan nie.*

## ONS 'REVAMP' DIE OUERKAMER

Ons is baie opgewonde om die "Ouerkamer" (Moederskamer) te herbedink en mooi te maak!

Ons het 'n paar ouers van die gemeente gevra om hul behoeftes vir hierdie ruimte te deel. Ons is dus baie opgewonde om hierdie ruimte hiervolgens in te rig, sodat ouers en kinders 'n aangename ervaring op Sondag sal hê tydens die erediens.

**Ons benodig nog die volgende twee items. Dalk het jy een van hierdie items in jou huis wat jy sou kon skenk:**

1. 'n Houttafeltjie (vir die omruil van doeke)
2. 'n Gemaklike stoel (vir voeding)

*Vir enige verdere inligting, kontak gerus vir Janneke.*





## BORG 'N KOSPAKKIE!

Ons Diep & Vêr projek is nou al meer as 'n jaar oud - waar ons elke maand vir 43+ gesinne kan ondersteun deur 'n kospakkie te gee.

### Hoe kan jy betrokke raak?

- Borg 'n kospakkie vir R250 (betaal in by kerk)
- Samel kositems in (laai af by kerk)
- Word deel van die kospakkie-pakkers groep
- Bid vir die gesinne wat hierdie kospakkies ontvang

*Kontak gerus vir Janneke vir meer inligting.*

## OPWASMIDDEL + SPONSIES!

Vir die maand van Julie samel ons 43 bottels **opwasmiddel (vir skottelgoed) en sponsies** in. Hierdie items gaan deel vorm van die Kersfees-kospakkie vir ons Diep & Vêr familie.

### Ons het reeds die volgende ontvang, baie dankie hiervoor!

Opwasmiddel: 16  
Sponsies: 23 pakkies

### Ons benodig nog die volgende:

Opwasmiddel: 27  
Sponsies: 20 pakkies

Jy is welkom om dit by die kerkkantoor af te laai. **Andersins kan jy vir Hannetjie of Janneke kontak vir 'n ander reëling.**



# BAIE GELUK

*met jou verjaarsdag!*

25/07 Carlo Korki	29/07 Freda Coetzee
26/07 Corné Koegelenberg	29/07 Raé du Toit
27/07 Engela Immelman	29/07 Fabian Lötter
27/07 Jurgens Lotter	30/07 Annecke Davis
27/07 Carolina Swartz	30/07 Gerhard Gerber
27/07 Emma van Vuuren	30/07 Corné Knoetze
27/07 Abe Wiese	31/07 Celia Burger
28/07 El mari Gaum	31/07 Christolin Fourie

# GESONDE GEDAGTES

KOOS VAN DER MERWE



## DAN MOET EK GLO - KOOS VAN DER MERWE

as my een gram argument  
teen sy tonne waarheid praat  
en my sentimeter sentiment  
sy ligjaarpassie wil verlaat  
en my drie desibel gil  
teen sy donderfluister skree  
dan word ek skielik stil  
en my ongeloof gee mee  
as my een emmer sonde  
in sy oseaan genade val  
en my vyf krummels honger  
sy lewensbrood ontvang  
en my sewe grade slimheid  
voor sy dwaasheid dom gaan staan  
dan staan ek stom in stilheid  
en ek hoor 'n skepper praat  
as my tientraan doodsdrepressie  
hoor van lasarus kom uit  
en by my stormsterkte kwessie  
slaap 'n redder in die skuit  
en my mees verdwaalde wegkruip  
word sy raaksien en kom haal  
dan moet ek nederig opkyk  
na die outeur van my verhaal  
dan moet ek glo al roep die twyfel  
dan moet ek glo al sê die donker kom  
al sou 'n duisend paaie uitroep  
net een pad lei na hom





25 JULIE 2021

# TORINGKERK

*nuus*



TORINGKERK ZAPPER



## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE  
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176



## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.